Passieblom

Orgideë bekoor die mensdom al eeue lank. Hendrik Venter het raad met die kweek van verskillende soorte

FOTO'S: HENDRIK VENTER

Drie eeue gelede was orgideë 'n ongewone nuwe plant in Brittanje wat adellikes, tuiniers, kwekers en plantliefhebbers se verbeelding aangegryp het. Daar was so 'n ongekende vraag, dat die sugting daarna beskryf word as orgidee-koors. Orgideejagters het selfs in verafgeleë plekke soos die Verre Ooste in Borneo en die Filippyne na nuwe, raar soorte gaan soek.

Die plante is in haglike omstandighede na Engeland verskeep en ongelukkig het min van die blomme die lang reis oorleef. Hieruit het die idee ontstaan dat dit moeilik is om orgideë te kweek.

Daar is verskeie ander mites en straatmarkstories oor die kweek van orgideë, maar wanneer daar 'n bietjie navorsing gedoen word wat die vereistes van die verskillende soorte is, is dit glad nie so moeilik om te kweek nie. Jy sal besef dat daar heelwat orgideë is wat maklik sonder groot kostes en sonder spesiale toerusting gekweek kan word.

Orgideë is nie kweekhuisplante wat net onder spesiale omstandighede gekweek kan word nie. Daar is sowat 30 000 spesies wat in die natuur groei en duisende mensgemaakte hibriede en die meeste hiervan kan onder gematigde toestande met sukses groei en blom.

Gematigde toestande is gewoonlik 'n maksimum somer-dagtemperatuur van 30°C, en 'n minimum winter-nagtemperatuur van 12°C.

Orgideë kom in die natuur oor 'n wydverspreide gebied en verskillende omstandighede voor, maar meestal naby die ewenaar. Die plante kan op seevlak groei en selfs op hoë berge waar dit baie koud kan wees, gevind word. Sorg dat die omstandighede soortgelyk is aan die natuurlike habitat van die orgidee-soort, en die plant sal groei.

Lig

Orgideë het almal verskillende hoeveelhede lig nodig. Daar is verskeie soorte wat buite in die tuin in volson of semi-skaduwee kan groei. Daar is ook soorte soos die mot-orgideë (*Phalaenopsis*) en die pantoffel-orgideë (*Paphiopedilum*) wat minder lig nodig het en selfs in die huis gekweek kan word. Vind uit hoeveel lig die orgideë wat jy wil kweek, nodig het. In die meeste tuine kan 'n plekkie gevind word vir 'n verskeidenheid orgideë, of dit nou onder 'n boom of in 'n blombedding is.

Hoewel daar soorte is wat in volson groei, moet die plante verkieslik skadu kry wanneer dit baie warm is, om te sorg dat die blare nie brand en lelike merke kry nie. Orgideë wat binnenshuis aard, kan op 'n vensterbank geplaas word waar daar genoeg indirekte lig is.

Temperatuur

Die meeste orgideë wat gekoop kan word, sal onder gematigde toestande kan groei. Die enigste uitsonderings is *Phalaenopsis* en *Paphiopedilum*. Hierdie plante moet warmer gehou word in die winter (nie onder 15°C nie) en moet teen koue beskut word.

Net soos ander plante is orgideë wat buite gekweek word vatbaar vir koue en ryp. In gebiede waar ryp voorkom, moet die plante wat buite gehou word só geplaas word dat hulle daarteen beskut is.

Water

Te veel water is die grootste rede waarom orgideë doodgaan. Die meeste orgideë wil in die lente en somer een tot twee keer per week water hê en in die koeler maande net een keer in sewe tot tien dae.

Baie orgideë-soorte het 'n rusperiode in die winter wanneer daar nie aktiewe groei is nie en sommige soorte raak selfs dormant. Gee in die lente, sodra die nuwe uitloopsels gesien word, weer soos gewoonlik water.

Water moet verkieslik vroeg in die dag gegee word, veral wanneer dit koud is. Dit gee die plante kans om droog te word voor die aand, wanneer die koue skade aan nat plante kan aanrig.

Voeding

Net soos ander plante het orgideë voeding nodig om optimale groei te verseker. Daar is 'n verskeidenheid bemestingstowwe wat vir orgideë geskik is, wat by kwekerye en tuinsentrums beskikbaar is.

BO: *Paphiopedilum parishii* 'Wiaan' – hierdie spesie groei maklik in 'n pot met dennebasstukkies.

LINKS: *Masdevallia coccinea* – hierdie genus met uitsonderlike blomme benodig koel, vogtige omstandighede en moet liefs nie by temperature hoër as 20°C gekweek word nie.

ONDER: *Cymbidium* Aviemore – miniatuur cymbidiums groei maklik en blom vanaf die herfs tot die winter.

Vra hulp, as jy nie seker is nie. Hierdie bemestingstowwe word dan met water gemeng en een keer elke tweede week in die lente en somer, toegedien. Bykomende bemesting in die winter word nie aanbeveel nie, omdat die meeste plante dan nie aktief groei nie. Organiese bemestingstowwe soos kraalmis moet eerder nie toegedien word nie.

Humiditeit

Humiditeit (die persentasie vog in die lug) is belangrik vir orgideë. Die plante bly gesond wanneer die humiditeit hoog genoeg is, aangesien die wortels hierdie vog uit die lug kan absorbeer.

Wanneer die humiditeit te laag is, kan dit skadelik wees vir die plante. Buite kan die humiditeit verhoog word deur die grond om die orgideë nat te spuit. In die huis kan klippies in 'n bak halfvol water gesit word. Sit 'n draadrak bo-oor en plaas die orgideë daarop. Die water wat uit die bak verdamp, help om die humiditeit rondom die plante te verhoog.

Lugbeweging

Lugbeweging rondom orgideëplante is baie belangrik. Dit help met die plante se asemhaling en help ook om plante uit te droog nadat hulle water gekry het. Goeie lugbeweging help ook om swamspore van plante weg te hou.

Potmengsels en houers

Orgideë word in 'n verskeidenheid potte en mengsels gekweek. Epifiete kan buite op boomstamme of teen 'n stuk bas gemonteer word. Indien jy potte of mandjies verkies, kan die orgidee in dennebasspaanders wat by die grootte en ouderdom van die plant pas, geplant word. Orgideë moet in potte of mandjies geplant word wat groeiruimte vir twee tot drie jaar het en moet dan in 'n nuwe groter pot verplant word. Vars potmengsel stimuleer beter groei in die plante.

Grondgroeiende orgideë kan in potte of blombeddings in sanderige, komposryke grond met goeie dreinering geplant word. Plante soos cymbidiums groei goed in anderhalwe mengsel van growwe dennebasspaanders en gekoopte potgrond.

Sommige kwekerye en tuinsentrums verkoop ook voorafbereide mengsels en sakke met verskillende grootte dennebasspaanders wat vir 'n verskeidenheid orgideë geskik is. Verplanting moet verkieslik na die einde van die plante se blomtydperk gedoen word. Dit is gewoonlik in die lente en word deur verskeie nuwe uitloopsels aangedui.

Maak altyd seker dat plante wat in potte geplant word, voldoende dreinerings-materiaal het – dit help om die potmengsel vars te hou. Daar is soveel verskillende orgideë wat in verskillende omstandighede kan aard – daar is ook een vir jou!

1: *Sobralia macrantha* – hierdie orgidee kan in die tuin in blombeddings gekweek word, en blom in die somer.

2: *Paphiopedilum Goultenianum* – 'n pantoffel-orgidee hibried wat liefs binnenshuis gehou moet word aangesien die plante nie van koue of te veel sonlig hou nie.

3: *Phalaenopsis* Golden Peoker 'Brother' – mot-orgideë se blomme hou vir maande aan die plant en hulle is uiters geskik om as potplante in die huis gehou te word. Gee hulle ten minste een keer 'n week water om die plante gesond te hou.

4: *Paphiopedilum insigne* – hierdie spesie kan in tropiese en subtropiese gebiede in beddings onder bome gekweek word.

5: *Oncidium sphacelatum* – hierdie spesie groei en blom maklik in tropiese en sub-tropiese tuine, en kan gemonteer word in 'n boom.

6: *Ascocenda* Su-Fun Beauty 'Orange Belle' – Ascocendas is na verwant aan Vandas, maar kan met minder hitte oor die weg kom. Hulle kan ook meer as een keer per jaar blom.

7: *Cymbidium lowianum* var. *concolor* – 'n spesie wat in die lente blom en met gemak buitenshuis gekweek kan word. Blomme kan tot twee maande aan die plant hou.